Huisgeloof

Druk afdeling

Speel “Vissie, vissie het jy vir my ’n …” (in Engels bekend as “Go fish”) met ’n pak kaarte. Die doel is om te kyk wie eerste al hulle kaarte op die tafel kan uitpak deur pakkies te maak van elke soort kaart. Die eerste pakkie wat uitgepak word, moet vier kaarte bevat; daarna kan dit drie kaarte wees. Elke speler kry ’n beurt om vir ’n ander speler te vra of hy of sy ’n spesifieke kaart het, byvoorbeeld: “Vissie, vissie het jy vir my ’n twee.” As die speler vir wie jy gevra het daardie soort kaart het, moet hy of sy dit vir jou gee. As hy of sy nie die kaart het nie mag jy ’n kaart optel van die oorblywende kaarte wat nie aan die begin uitgedeel is nie. Elke speler begin met sewe kaarte.

Die wenner, wat eerste al sy of haar kaarte in pakkies op die tafel kon uitpak, kan kies wie vandag vir die huismense uit die Bybel gaan voorlees.

Lees die verhaal in Matteus 4:18-22 saam.

Gesels saam:

- Hoekom dink julle het die dissipels Jesus dadelik gevolg?
- Wat het dit beteken om Jesus te volg?
- Hoe kan ons vandag as volgelinge van Jesus leef?

- Hoe kan ons vandag as volgelinge van Jesus leef?

Teken die volgende vis op 'n vel papier. Skryf binne die vis praktiese voorstelle wat julle as huisgesin saam kan doen om as volgelinge van Jesus te leef.

Plak die vis met voorstelle op julle yskas. Deur die loop van die week kan julle die voorstelle afmerk wat julle klaar gedoen het.